

DIE WAARHEID REEKS

2

EENHEID IN PRAKTYK

Toepassing van Eenheid in Waarheid

Dankie aan elkeen wat deelneem en die bron is waaruit ek ook hierdie samevatting van die gedagtes saamstel vir 'n beter verstaan van Vader se wil vir eenheid. Die gesprek self sal seker nog lank aanhou, mag dit ons nie keer om die volheid te leef nie.

Ons sien uit na jou insette.

Stuur dit gerus aan ander saam met die eerste deel .

Die algemene gedagte, met uiteenlopende betekenis, is **dat daar in liefde alleen eenheid sal wees**. Die uiteenlopendheid lê in die definisie van liefde. Oordink die volgende asb:
Is liefde om, ter wille van toe te laat en oor te sien?

Vader se liefde sal altyd die beste vir die Koninkryk bring.

Vader se liefde ken geen kompromie nie.

Vader se standaard is vir almal dieselfde en kan nie verander nie.

Vader se liefde dissiplineer.

Vader is liefde; dus, ware liefde is slegs binne Vader se Karakter en wil.

Liefde kan slegs eg wees binne waarheid.

Ek mag nie (ver)oordeel nie, is die volgende algemene stelling, maar ek moet juis oordeel tussen reg en verkeerd met Vader se standaard = Die Woord van God alleen as maatstaf.

Nie die filosofiese en griekse-uitmekaargerukte sieninge en opinies oor die Woord nie, maar die eenvoudige begrip van wat Hy direk vir ons leer.

Sy Woord kan dus eenheid bring – of hoe?

Daar is gedagtes dat dit wat die persoon leef
nie regtig saak maak vir Sy saligheid nie. Die
enigste keuse of ek met iemand “fellowship,”
is of hy Yeshua erken as Verlosser.

Terwyl ons na baie Skrifte kan gaan kyk, antwoord
net eers die konsep – kan iemand wat God nie lief
het nie, Sy kind wees?

Nou, kom ons kyk!

Yog 14:15 As julle My liefhet, **voer voortdurend My opdragte uit.**

Deut 7:9 Weet daarom dat hwhy, jou God, God is, die getroue Magtige God, wat Sy verbond en Sy onverdiende guns hou tot 'n duisendste geslag **met dié wat Hom liefhet en Sy opdragte gehoorsaam**

Yog 15:14 Julle is My vriende **as julle alles sal doen wat Ek julle beveel.**

Rom 8:5 Hulle wat in die vlees is, word deur daardie vlees beheer, maar die wat van die Gees is, word deur daardie Gees beheer,

6 want die gedagtes van die vlees is dood, maar die gedagtes van die Gees is lewe, vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid

7 omdat die gedagtes van die vlees **vyandskap teen God is, want dit is nie gehoorsaam aan die wet van God nie**, want dit is ook nie moontlik nie.

8 Hulle wat in die vlees is, kan God nie tevrede stel nie,

9 maar julle is nie in die vlees nie, maar in die Gees, as die Gees van God waarlik in julle bly, maar as iemand die Gees van Die Gesalfde Een nie het nie, behoort hy nie aan Hom nie.

As jy die wet van God oortree is jy vyand van God!

Is ons argumentering oor die
betekenis van hierdie verse nie
omdat ons anders geleer is – of
graag anders wil glo nie! Ons
kan mos nie oordeel nie

– MAAR –

SY WOORD OORDEEL!!

1 **Yog 5:1-3** 1 Elkeen wat vertrou dat Yeshua Die Gesalfde Een is, is uit God gebore en elkeen wat die ouer liefhet, het ook dié een lief wat uit hom gebore is.

2 **Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en Sy opdragte uitvoer,**

3 want dít is die liefde vir God: dat ons Sy opdragte uitvoer en Sy opdragte is nie 'n las nie,

Vers 2 is vir my duidelik hoekom daar nie liefde – eenheid is nie.

Open 14:12 Hier is die volharding van die afgesonderdes: hulle wat die opdragte van God uitvoer en getrou bly aan Yeshua.

Open 22:14 Geseënd is dié wat Sy opdragte gehoorsaam, want hulle sal outoriteit hê om te gaan na die boom van die lewe en sal ingaan deur die poorte in die stad in.

Ps 103:17-18 17 maar die liefdevolle omgee van hwhy is van ewigheid tot ewigheid vir hulle wat Hom respekvol vrees en Sy onpartydige opregtheid vir die kinders se kinders,
18 vir die wat Sy verbond onderhou en vir hulle wat Sy opdragte onthou om hulle te doen.

Die Woord is eenvoudig en dit is hier waar ons moet begin:

- Ons kan net in eenheid wees met hulle wat Hom liefhet = Sy kinders is.**
- Hulle is Sy kinders wat in Yeshua is en uit liefde vir Vader Sy wet en opdragte uitvoer.**

2 Kor 6:16 Watter ooreenkoms het die tempel van God met demone? Julle is die tempel van die lewende God, net soos gesê is: “Ek sal in hulle bly en Ek sal in hulle leef en **Ek sal hulle God wees en hulle sal vir My ‘n volk wees.**”

Volk wees beteken om die Koning te volg en te gehoorsaam – ook dit stem saam.

Ons laat te veel “toe” ter wille van..... en noem dit dan liefde en omgee.

Binne die praktyk van wat ons ervaar en wat in eenheid moet wees is 'n groot verskil. Verduidelik dan tog vir my hierdie eenvoudige vergelyking!

God is Een

Ek is een met God deur Yeshua

Jy is een met God deur Yeshua

Ek en jy =

Waar is dus die verbreking van die formule?

Sh'ma Yisra'el:

יהוה egad, יהוה eloheinu, יהוה

שמע ישראל יהוה אלהינו יהוה אחד

Hoor, luister en doen,
Yisra'el: Meester Yah is ons
God, Meester Yah is een.

Ek glo dit is al wat nodig is.

Kom ons kyk verder na wat gesê is:

**Daar is genoem dat dit die moets,
moenies en godsdiens is wat ingekom
het wat eenheid verbreek.**

As jou moets en moenies beteken om
gehoorsaam aan God en Sy opdragte te
wees, dan is ek bly ek leef so - dit is juis
Sy wet en gehoorsaamheid daaraan wat
ons vry maak.

As dit na mensgemaakte wette verwys,
stem ek 100% saam.

2 Joh 1:8 Gee aandag aan julle lewe dat julle nie enige iets verloor waarvoor julle gewerk het nie, maar dat julle 'n volle loon kan ontvang.

9 Elkeen wat 'n oortreder is en nie aanhou in die leer van Die Gesalfde Een nie; God is nie in hom nie. Hy wat aanhou in Sy leer, hy het die Vader sowel as die Seun.

10 As iemand na julle toe kom **en nie hierdie leer bring nie, moet hom nie in die huis ontvang nie en nie vir hom sê, “welkom aan jou,” nie,**

11 want hy wat vir hom sê “welkom aan jou,” het deel aan sy bose dade.

Is dit wat ons doen of is ons “liefde” meer toegeeflik as God s'n?

Daar is geen eenheid tussen Vader se Gees en die gees van die wêreld nie. GEEN!!


Hoeveel Rabbi's wat nie in Yeshua glo nie se aanhalings het jy in jou vorige leringe gehoor?

Hoeveel Pastore en Reformate wat Sy wet verwerp se leer word herhaal?


Hoeveel Skrif hoor jy teenoor verduidelikings en stories?

**Ons moet vol wees van die waarheid.
Kyk asb. Na die volgende uitbeelding
en besluit watter glas is vol skoon
suiwer water.**

Almal is vol, maar met wat?



A



B



C



D

A - is sigbaar duidelik dat dit nie suiwer en skoon water is nie.

B – Is vol water – nee is nie – klippe (ou gewoontes, lere, tradisies ens.) neem sommige spasie op. Bo lyk dit vol, maar binne is daar baie wat nog spasie opneem

C - ? Lyk so! Hoe kan ek weet, want

D - ? Lyk net so! Wie is reg, wie is vol suiwer water?

Dit is onmoontlik om te bepaal sonder die bewys van werke – vrug – dade.

**Kom ons gooi bietjie van elk op ons
hand...**

**Nou sal die suur van C skielik begin
brand en kan ek die vrug ervaar en
sien dat dit nie suiwer is nie.**

**Vader se wil vir ons is dat
ons afsonder in יהוה se Gees, יהוה se
Waarheid, יהוה se lewenswyses, יהוה se
gesindheid en in יהוה se wil.**

A kan nie verander word deur suiwer water by te gooi nie – hy moet heeltemal voor begin en dieselfde met C, daardie suur moet eers heeltemal weggegooi word voordat daar nuwe skoon water ingegooi kan word.

B moet van die harde en growwe dinge ontslae raak, want terwyl daar reeds suiwer water in is kan dit nooit vol word nie. Mag jy self deur Sy Gees die toepassing ontvang.

Ons het baie antwoorde ontvang van:

Yeshua is genoeg.

Jy moet almal liefhê.

Sy genade is genoeg.


en **korrekte stellings** wat emosioneel mooi klink, maar my vraag is of dit werklikheid word deur die waarheid van Sy Woord in ons lewens deur gehoorsaamheid?

Kan ek met iemand 'n pad in eenheid stap sonder gehoorsaamheid aan Vader?

Ek haal aan om weer by die kern uit te kom:

“Maar dit bring my terug na die wye spektrum van reg en verkeerd. Dis n continue spectrum wat ‘n defnitiewe “swart” (verkeerd) het aan die een end en ‘n baie besliste reg (wit) aan die ander end van die spectrum. AS mens by die swart kant begin en beweeg na die wit kant se rigting, waar hou verkeerd op en begin reg? Soveel mense as wat daar is soveel opinies sal daar wees. Maar dit is, dink ek, waarom die Skrif verklaar dat Sy Woord soos n skerp snydende Swaard is wat skeiding bring tussen murg en been. Vir my beteken dit dat die Gees en Sy Woord sal verklaar wanneer reg reg is en wanneer verkeerd verkeerd is.

Great – kom ons kyk daarna!



Daar is slegs 1 enkel plek waar alles swart is.

Daar is slegs 1 enkel plek waar alles wit is.

Alles tussen-in is besoedel.

Nou moet al die Skrif wat reeds aangehaal is en wat kom saam in ag geneem word.

Vanaf 50 % en laer kan dit duidelijk gesien word.

Waarvan praat ons?

Gehoorsaamheid!

Maar is 80% ok?

Wat van 90?

99% gehoorsaam is ongehoorsaam!

**As ons daardie glas met suiwer water
wil vul moet dit 100%
gehoorsaamheid wees!!**

Aan wat of wie!

Net en slegs aan Vader deur Sy Woord!

Die Waarheid

(Die Oorspronklike – Onveranderde)

Die Hele Waarheid

(Niks weggevat nie)

Niks anders as die Waarheid nie

(Niks bygesit nie)

Ons praat volgende keer oor die Woord, tog is dit hier belangrik.

Open 22:18 Ek getuig teenoor elkeen wat die boodskap van die profesie van hierdie boek hoor: wie ook al by hierdie dinge **byvoeg**, God sal die plaë, waarvan in hierdie boekrol geskrywe is, op hom sit 19 en wie ook al iets van die boodskap van hierdie profesie uit die boekrol **wegvat**, God sal sy deel wegvat uit die boekrol van die lewe en uit die afgesonderde stad uit, die dinge waarvan in hierdie boekrol geskryf is.

Deut 12:32 Wat ek julle ook al beveel, dit moet julle doen; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van wegvat nie.

Deut 4:2 Julle mag by die boodskap wat ek julle beveel, niks byvoeg nie en ook niks wegvat nie, om die opdragte van hwhy, julle God, te onderhou, wat ek julle beveel.

Spr 30:6 Voeg niks by Sy woorde by nie sodat Hy jou nie tereg wys en jy as 'n leuenaar gevind word nie.

Mat 5:17-19 Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete te ontrafel nie. Ek het nie gekom om te ontrafel nie, maar om volledig uit te lê,

18 want dit is waar wat Ek vir julle sê:

‘Totdat die hemel en die aarde verby sal gaan, sal nie een ‘yud’ of een ‘strepie’ van die wet verbygaan, voordat dit alles klaar gebeur het nie.’

Hebr 4:11 Laat ons daarom moeite doen om in te gaan in dié rus sodat ons nie dalk val soos die wat nie oortuig is nie,

12 want die boodskap van God leef **en is in alles genoeg** en skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur tot by die skeiding van lewe, gees, gewrigte en van murg **en beoordeel** die motiewe en gewete van die verstand, wil en emosie.

EN IS IN ALLES GENOEG!!!!

EN BEOORDEEL!!!

**Daar is volmaakte eenheid
moontlik in die volheid van die
Woord se waarheid – nie net in
een deel nie – en net in die
Woord.**

**Miskien moet ons ophou een
probeer wees met hulle wat nie
wil hoor nie!**

Eenheid is net moontlik uit die selfde Geesvervulde gedagtes wat uit een bron werk.

1 Kor 1:10 Ek versoek julle egter, broers, deur die Outoriteit en Karakter van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, om almal uit een mond te praat en dat daar nie verdeeldheid tussen julle sal wees nie, maar dat julle **volmaak sal word in dieselfde gedagtes en in dieselfde opinie,**

**Dit is moontlik soos wat ons reeds
ervaar met hulle wat bereid is om
hierdie pad te stap.**

**Alle verskille word deur die Woord
arbitreer en opgelos.**

**Die vraag is of ons dan die volle
waarheid kan ken sodat ons
daarvoor kan saamstem of sal ons
nooit die volle waarheid kan ken
nie?**

Ek haal weer aan:

Elkeen van ons kan net kennis oordeel in die lig van die kennis waaroor elkeen van ons self beskik.

Tussen die twee hoofstroom groepe kan daar tog net een absolute waarheid wees!

OK?!

Ek wil egter die boot skud en vra: "Het ons die Woord, die hele Woord - Torah tot Nuwe Verbond - waaruit die volledige antwoord moet kom en het ons die Gees?"

Nou wat is die probleem dan?

Ons het mos die hele antwoord. Satan het dit reggekry dat mense oor woorde se spelling en volgorde en betekenis argumenteer en bespreek en net die eenvoudige normale antwoorde wat Hy reeds gegee het miskyk.

AL DIE ANTWOORDE IS REEDS DAAR en ons argument is nie meer geldig nie. Ons antwoord is dalk net: "Ek is te lui of het nie die tyd om dit te kry nie, om genoeg tyd met my Vader deur te bring of te luister en te doen nie. **OF Ek is reg!**"

Met diegene wat Torah verwerp sal
ek nie 'n pad kan loop nie, want
hulle bring skeuring in die hartsake
van YHVH Yeshua

OK!

Hoeveel moet 'n persoon Torah
ongehoorsaam wees voordat ek nie
saam met hom stap nie?

"Hoewel ons hieroor mag verskil, het ons almal een baie belangrike gemene deler, naamlik ons glo almal ons moet Torah-gehoorsaam wees"

Ons hoor dit dikwels wanneer ons leraars se leuens aanspreek: "Sy hart is so mooi en hy bedoel so goed!" Sorry!! Sh'ma!! Luister, hoor, DOEN. Nie hy wat 'wil of begeer om te' nie, maar "My wil DOEN." "Gaan weg van My - Ek het julle nie geken nie" - nie met julle 'n Verbondsverhouding gehad nie. My verbond het verklaar dat Ek die God is = die reëls maak en dat jy die volk is = gehoorsaam.

Oor hierdie punt verwys ek u graag na 'n lering beskikbaar op www.nuwelied.info genaamd Goeie bedoelings.

"Oor sekere aspekte kan ons wel
100% sekerheid hê,"

- great, waarom dan nie oor die ander ook nie? Almal is deur die Gees as geopenbaard gegee - of is ek nou voorbarig? Is dit nie net onself wat die verskil maak nie?

Ek wil dit hier stel:

Ons kan Sy wil ken en die waarheid in
Sy Woord!

Ek gaan u daarmee laat. Bestudeer die volgende en dink mooi oor die stellings wat ek glo waarheid en eenheid kan bring.

- Ons moet in liefde optree.
- Ons moet Sy gawes weer erken en beoefen.
 - Ons moet Gestuurdes, Profete, Leraars, Herders en Boodskappers weer erken.
- Almal is nie leraars nie – ons moet weer die leraars identifiseer en luister en toets en nie almal leraars probeer wees nie.

Skrifstudie:

Yog 16:23 - Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle kan dit nie nou ontvang nie,

13 maar wanneer Hy, die Gees van die Waarheid, gekom het, **sal Hy julle in die hele waarheid lei**, want Hy sal nie uit Homself praat nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy sê en die toekoms aan julle openbaar.

**Ek glo dat ek dit wat ek moet weet
op 'n tyd wat ek dit moet weet om
te antwoord of te besluit sal weet,
deur Sy Woord omdat ons die
volheid van Sy Gees het.**

**Toets dit asb. En as dit waar is
vertrou Hom en leef dit.**

Efe 1:3 Geseënd is God, die Vader van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, wat ons geseën het met al die seëninge van die Gees in die hemel, in eenheid met Die Gesalfde Een

4 net soos Hy ons vroeër, **in eenheid met Hom**, gekies het van voor die ontstaan van die wêreld af, **om afgesonderd en sonder vlek in Sy Teenwoordigheid te wees** en ons vroeër in liefde vir Homself aangestel

5 en ons as kinders gevestig het deur Yeshua, Die Gesalfde Een, want dit stel Sy wil tevrede

6 sodat die eer en lof van Sy onverdiende guns geprys kan word, wat oorvloei op ons deur die Een wat Hy liefhet,

Efe 1:22 Hy het alles in gehoorsaamheid onder Sy voete gesit en Hom wat hoër as alles is as Hoof oor die gemeente,

23 wat Sy liggaam is, gegee; **die volledigheid van Hom wat alles in almal volledig maak;**

Efe 2:1 **wat selfs julle volledig maak,** wat dood was in julle sondes en in julle dwaashede

Fil 3:15 Laat almal wat volwasse geword het, deur hierdie dinge oortuig wees en **as julle van iets anders oortuig is, sal God ook dit aan julle openbaar.**

16 Laat ons egter daarby kom en op een pad volg, in een gesindheid.

17 **Volg my na, my broers** en let op na dié wat leef volgens die voorbeeld wat julle in ons gesien het,

18 want daar is baie wat anders leef, van wie ek dit baie vir julle gesê het en nou ook huilend sê: hulle is vyande van die kruis van Die Gesalfde Een.

Is dit voorbarig of die manier waarop Vader begeer dat ons oortuig is van die waarheid?

Kol 1:9 As gevolg hiervan hou ons ook nie op om, vanaf die dag dat ons dit gehoor het, vir julle te bid nie en te vra dat julle volledig gemaak mag word met die kennis van Sy wil in alle wysheid en begrip van die Gees

10 sodat julle mag leef volgens wat reg is, God in alle goeie dade tevrede stel en julle vrug mag dra en vermeerder in die kennis van God

Dit is ons gebed vir u en vir my.

Sonder verskonings, net gehoorsaam

**Die volheid van al Sy wysheid en
kennis**

**In eenheid met Hom sal ons een wees
met hulle wat een is met Hom**